



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 300

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat verskaf is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Hierdie memorandum is nie vir openbare verspreiding nie omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
10. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

VRAAG 1

1.1 **Verduidelik hoe die Krediteurerekonsiliasiestaat die besigheid ten opsigte van hulle interne beheermaatreëls kan bystaan. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

- Dit sal die onderneming help om foute/weglatings in hulle boeke op te spoor.
- Dit sal foute/weglatings op die rekeningstaat ontvang aantoon.
- Opspoor van bedrog en die neem van aksie

4

1.2 **Bereken die korrekte saldo van Pikor Verskaffers in die Krediteurgrootboekrekening van Machu Handelaars. Toon die veranderinge aan die syfer R116 400.**

$$116\,400 \checkmark + 780 \checkmark - 480 \checkmark \checkmark - 27\,300 \checkmark \checkmark - 810 \checkmark \checkmark - 10\,800 \checkmark \checkmark = 77\,790 \checkmark \checkmark \text{ een deel korrek}$$

(5 400 x 2)

12

1.3 **Krediteurerekonsiliasiestaat van Pikor Verskaffers op 30 April 2015**

Besonderhede	Bedrag	
Saldo volgens rekeningstaat	121 800	✓
Krediteer bedrag om oorraging op faktuur reg te stel	(30 000)	✓✓
Debiteer bedrag foutiewelik gekrediteer	84 000	✓✓
Oordrag van saldo	(3 600)	✓✓
Krediteer betaling na datum van staat	(93 000)	✓
Krediteer korting na datum van staat	(1 410)	✓
Korrekte saldo een deel korrek	<u>77 790</u>	✓

10

1.4

Die eienaar van Machu Handelaars is nie heeltemal tevrede met die diens en kwaliteit van goedere wat van Pikor Verskaffers ontvang word nie. Stel TWEE faktore voor wat hy moet oorweeg voordat hy van verskaffer verander.

TWEE geldige faktore ✓✓ ✓✓

- Die krediettermyn wat aangebied word
- Sal hulle kortings aanbied vir vroeë betalings
- Sal die alternatiewe verskaffer aan die besigheid se vereistes kan voldoen
- Die kwaliteit van die produk wat hulle sal kan aflewer

4

TOTALE PUNTE
30

VRAAG 2**2.1 KONSEPTE**

2.1.1	Onwaar	✓
2.1.2	Onwaar	✓
2.1.3	Waar	✓

3

2.2 STAR WHEELS VERVAARDIGERS**2.2.1 DIREKTE ARBEIDSKOSTE**

Basiese salaris (14 x 7 000) ✓ x 12 ✓ een deel korrek	1 176 000	✓
Oortyd (14 x 144) ✓ x 65 ✓	131 040	✓
WVF-bydrae (1 176 000 x 1%) (1% van basies)	11 760	✓✓
een deel korrek	1 318 800	✓

9

FABRIEKSBOKOSTE

Indirekte materiaal een deel korrek (13 200 ✓ + 38 400 ✓ – 15 100 ✓)	36 500	✓
Salaris: fabrieksvoorman	156 000	✓
Elektrisiteit en water (104 000 x 90%)	93 600	✓✓
Huuruitgawe (115 200 x 600/1 500)	46 080	✓✓
Versekering (74 200 x 3/7)	31 800	✓✓
Waardevermindering: fabrieksmasjinerie en toerusting	277 220	✓
bewerking	641 200	✓

13

2.2.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2015

Direkte materiaalkoste (grondstowwe)	2 100 000	
Direkte arbeidskoste sien 2.2.1	1 318 800	✓
Primêre koste bewerking	3 418 800	✓
Fabrieksbokoste sien 2.2.1	641 200	✓
Totale produksiekoste bewerking	4 060 000	✓
Goedere-in-bewerking (begin van jaar)	160 000	
bewerking	4 220 000	✓
Goedere-in-bewerking aan einde bewerking	(220 000)	✓
Koste van produksie van klaarprodukte (4 015 000 ✓ + 95 000 ✓ – 110 000 ✓)	4 000 000 een deel korrek	✓

10

2.3 NUTRITIOUS EATS**2.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Oktober 2015.**

$$\frac{736\,000\checkmark}{(28\checkmark - 16\checkmark) \div 12} = 61\,333 \text{ of } 61\,334 \text{ eenhede} \checkmark \text{ een deel korrek}$$

4

2.3.2 Behoort die onderneming tevrede te wees met die getal eenhede wat hulle in die huidige finansiële jaar vervaardig en verkoop het? Verduidelik. Haal syfers aan.

Ja/Nee ✓

Rede met syfers ✓✓

Redes vir Ja

Die onderneming verkoop (64 000 – 61 334) 2 666 eenhede meer as die gelykbreekpunt.

Redes vir Nee

Die onderneming verkoop (78 000 – 60 000) 18 000 meer as die gelykbreekpunt in die vorige finansiële jaar.

Produksie het afgeneem van 78 000 – 64 000

3

2.3.3 Gee TWEE moontlike redes vir die styging in die direkte materiaal koste per eenheid in die huidige finansiële jaar.

Enige twee toepaslike redes ✓✓ ✓✓

- As gevolg van gevolge van inflasie het grondstofprys gestyg
- Stoorkoste
- Grondstowwe is by nuwe verskaffers verkry.
- Toename in vermorsing
- Toename in vraggeld

4

2.3.4 Craig stel voor dat, om die finansiële resultate in die nuwe finansiële jaar te verbeter, die hoeveelheid graankos per houer met 10% verminder moet word en dat die verkoopprijs dieselfde moet bly. Gee TWEE geldige redes waarom hy dit nie moet doen nie.

Enige TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓

- Dit is oneties en sal tot 'n afname in klante beteken as dit openbaar gemaak word
- Dit is 'n doelbewuste produkvermindering om meer winste te maak. Dit kan lei tot regsaksies teen onderneming.
- Die produk kan van die rakke verwyder word indien die inhoud nie ooreenstem met die inligting op die verpakking nie

4

TOTALE PUNTE

50

VRAAG 3**3.1 BTW-KONSEPTE**

3.1.1	Uitset-BTW	✓
3.1.2	Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)	✓
3.1.3	0 % (Nul)	✓

3

3.2 BTW-BEREKENINGE

Bereken die korrekte bedrag BTW wat die besigheid moet betaal. Toon ALLE bewerkings.

$$43\,820 \checkmark + (1\,330 \checkmark \checkmark + 2\,604 \checkmark \checkmark + 112 \checkmark + 756 \checkmark) - (184 \checkmark \checkmark + 6\,818 \checkmark) \\ 4\,802 \qquad \qquad \qquad 7\,002 \\ = 41\,620 \checkmark \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

OF $43\,820 + 1\,330 + 2\,604 + 112 + 756 - 184 - 6\,818$

OF $-43\,820 - 1\,330 - 2\,604 - 112 - 756 + 184 + 6\,818$

BTW-KONTROLE

184	43 820
6 818	1 330
41 620	2 604
	112
	756
48 622	48 622

12

3.3 VOORRAADWAARDASIE**3.3.1 (a) Bereken die eindvoorraad met betrekking tot Johx-horlosies op 31 Augustus 2015.**

$$1 \times 6\,500 \qquad 5 \times 6\,800 \qquad 2 \times 7\,300 \qquad 3 \times 7\,800 \\ 6\,500 \checkmark + 34\,000 \checkmark + 14\,600 \checkmark + 23\,400 \checkmark \\ = 78\,500 \checkmark \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

5

(b) Bereken die koste van verkope met betrekking tot Johx-horlosies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015.**OF**

330 000 twee punte

$$78\,000 \checkmark + 252\,000 \checkmark - 78\,500 \checkmark \text{ (sien bo)}$$

$$= 251\,500 \checkmark \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

OF

$$\begin{array}{r} 71\,500 \text{ (11 x 6 500)} \\ 68\,000 \text{ (10 x 6 800)} \\ 73\,000 \text{ (10 x 7 300)} \\ \underline{39\,000 \text{ (05 x 7 800)}} \\ 251\,500 \end{array}$$

$$440\,125 \times 100/175 = 251\,500 \\ \text{(1 punt) \qquad (2 punte) \qquad (1 punt)}$$

4

(c) Bereken die gemiddelde voorraadhouingstydperk (in dae) met betrekking tot Johx-horlosies op 31 Augustus 2015.

78 250 2 punte sien 3.3.2

$$\frac{\frac{1}{2} (78\,000 \checkmark + 78\,500 \checkmark)}{251\,500 \checkmark} \times 365 = 113,6 \text{ dae } \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

4

3.3.2 (a) Bereken die eindvoorraad met betrekking tot Kwatz-horlosies op 31 Augustus 2015.

304 150 (3 punte)

$$\frac{32\,300 \checkmark + 259\,900 \checkmark + 11\,950 \checkmark}{95 \checkmark + 675 \checkmark}$$

770 (2 punte)

= 395

$$395 \times 92 \checkmark = 36\,340 \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

7

(b) Bereken die verkope met betrekking tot Johx-horlosies vir die jaar geëindig 31 Augustus 2015.

$$(770 - 92) = 678 \text{ (eenhede verkoop)} \checkmark \checkmark$$

$$678 \times R520 = 352\,560 \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

3

3.3.3 Verduidelik waarom die besigheid verskillende metodes gebruik om elke soort horlosie te waardeer. Noem EEN geldige punt.

Een geldige punt $\checkmark \checkmark$

- Johx word teen 'n hoë waarde verkoop. Klein hoeveelhede word aangekoop.
- Elke item kan individueel gemonitor word.
- Die waarde verander voortdurend.

Kwatz word teen 'n lae waarde verkoop. Groot hoeveelhede word aangekoop. Die waarde van elke horlosie is redelik konstant.

2

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 MUSICA BEPERK
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2015

Verkope (8 412 000 – 112 000 ✓ – 1 600 ✓)	Een deel korrek	8 298 400	✓
Koste van verkope (4 595 000 – 900 ✓)		(4 594 100)	✓
Bruto wins 6		3 704 300	✓
Ander inkomste	Kontroleer bewerking	166 380	✓
Kommissie-inkomste		64 140	
Huurinkomste (87 720 ✓ + 6 000 ✓ + 8 520 ✓ ✓)		102 240	✓
Bruto inkomste 7		3 870 680	✓
Bedryfsuitgawes	Kontroleer bewerking	(2 775 880)	✓
Diverse uitgawes		257 400	
Bankkoste		41 905	
Ouditfooie		75 600	
Verpakkingsmateriaal (15 400 ✓ – 2 400 ✓)		13 000	✓✓
Herstelwerk en onderhoud (107 500 ✓ + 6 000 ✓)		113 500	✓✓
Direkteursvergoeding (736 000 ✓ + 32 000 ✓ ✓)	Kontroleer bewerking	768 000	✓
Salarisse en lone (1 020 000 ✓ + 18 500 ✓ ✓)	Kontroleer bewerking	1 038 500	✓
Werkgewersbydrae (156 000 ✓ + 5 050 ✓)		161 050	✓
Oninbare skulde (17 600 ✓ + 2 475 ✓ ✓)	Kontroleer bewerking	20 075	✓
Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering		850	✓✓
Handelsvoorraadtekort (376 000 ✓ + 900 ✓ – 369 100 ✓)		7 800	✓
Waardevermindering 30		278 200	✓✓
Bedryfswins	Kontroleer bewerking	1 094 800	✓
Rente-inkomste		3 000	
Wins voor rente-uitgawe	Kontroleer bewerking	1 097 800	✓
Rente-uitgawe (540 800 + 100 800 – 601 600)	Een deel korrek	(40 000)	✓✓✓
Netto wins voor belasting		1 057 800	✓
Inkomstebelasting		(300 300)	
Netto wins na belasting	Kontroleer bewerking 7	757 500	✓

4.2 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE

Debiteurekontrole (125 000 ✓ – 1 600 ✓ – 2 025 ✓ – 2 475 ✓) (4 500 2 punte) Een deel korrek	118 900	☑
Voorsiening vir oninbare skulde	(8 000)	✓
	110 900	
Opgelope inkomste/Ontvangbare SAID – Inkomstebelasting	8 520 14 700	☑ ✓✓
	134 120	☑

10

4.3 OUDITVERSLAG**4.3.1 Die ouditverslag is 'n voorbeeld van 'n (gekwalfiseerde/ ongekwalifiseerde/weerhouding-van-mening-) ouditverslag.**

Weerhouding van mening ✓

1

4.3.2 Aan wie is die ouditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Aandeelhouers ✓

Hulle is die eienaars van die maatskappy en hulle het die ouditeure aangestel ✓

2

4.3.3 Verduidelik waarom hierdie ouditverslag waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op die waarde van die maatskappy se aandele op die JSE sal hê.

Enige geldige verduideliking ✓✓

- Die waarde van die aandele sal verminder
- Aandeelhouers verloor vertroue in die maatskappy en sal dalk hulle aandele wil verkoop.
- Potensiële aandeelhouers sal nie wil belê in hierdie maatskappy nie

2

TOTALE PUNTE

65

VRAAG 5**5.1****BATEVERKOPE**

2015 Aug.	31	Toerusting ✓	120 000 ✓	2015 Aug.	31	Opgehoopte waardeverminde- ring op toerusting ✓ (38 400✓ + 8 160✓✓)	46 560✓ Een deel korrek
						Bank ✓	73 440 ✓
			120 000				120 000

9

5.2

Nr.	Berekening	Bedrag
(a)	3 900 000 – 2 000 000	1 900 000 ✓✓
(b)	900 000 – 470 000	430 000 ✓✓
(c)	Verkoop: 8 160 ✓ sien 5.1 (3 punte) Nuut: 20% x 150 000✓ x 6/12✓ = 15 000✓ Oud: (780 000✓ – 431 600✓) x 20% = 69 680✓ 348 400 (2 punte)	92 840✓ Een deel korrek

12

5.3.1**Bereken die inkomstebelasting betaal.**

1 240 000 – 892 800

- 347 200✓✓ + 17 400 ✓ + 35 700✓ = - 294 100 ✓ (Een deel korrek)

of

+ 347 200 - 17 400 - 35 700 = + 294 100

5

5.3.2**Bereken die netto verandering in kontant en kontantekwivalente.**

549 580 ✓ + 92 000 ✓✓ = 641 580 ✓ Een deel korrek

(110 000 – 18 000)

4

5.4 Kontantgevolge op finansieringsaktiwiteite

Opbrengs van aandele uitgereik (300 000 x R4,50)	1 350 000✓
Terugkoop van aandele (40 000✓ x R4,30✓✓) Een deel korrek	(172 000) ☒
Verbandlening	1 550 000 ✓
Een deel korrek	2 728 000 ☒

7

5.5.1 Bereken die netto batewaarde per aandeel.

$$\frac{5\,950\,800\checkmark}{1\,500\,000\checkmark} \times \frac{100}{1} = 396,7 \text{ sent } \input checked="" type="checkbox"/> \text{ Een deel korrek}$$

OF

$$\frac{5\,950\,800}{1\,460\,000} \times \frac{100}{1} = 407,6 \text{ sent}$$

3

5.5.2 Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang.

$$\frac{892\,800\checkmark}{\frac{1}{2}\checkmark(5\,950\,800\checkmark + 4\,345\,000)\checkmark} \times \frac{100}{1} = 17,3\% \input checked="" type="checkbox"/> \text{ Een deel korrek}$$

(5 147 900 – 3 punte)

5

5.5.3 Bereken die skuld-ekwiteitverhouding.

$$1\,950\,000\checkmark : 5\,950\,800\checkmark$$

$$0,3: 1 \input checked="" type="checkbox"/> \text{ Een deel korrek}$$

3

5.6.1 Die direkteure is nie tevrede met die likiditeitsposisie nie. Haal aan en verduidelik DRIE relevante finansiële aanwysers (met syfers) om hierdie stelling te staaf.

Verhouding ✓ ✓ ✓

Neiging en syfers ✓ ✓ ✓

- Bedryfsverhouding neem toe van 1,8 : 1 in 2015 tot 3,3 : 1 in 2016
- Vuurproefverhouding neem toe van 1,2 : 1 in 2015 tot 1,6 : 1 in 2016
- Omsetsnelheid van voorraad neem af van 5 keer in 2015 tot 3 keer in 2016

Moet nie Debiteure-invorderings- en Krediteurebetalingstermyn aanvaar nie

6

5.6.2 Die direkteure het besluit om die lening in die huidige finansiële jaar te verhoog. Verduidelik waarom dit 'n goeie besluit was. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) in jou antwoord.

Verhouding ✓ ✓

Syfers en neiging ✓ ✓

Verduideliking meer as neiging ✓✓ ✓✓

OOTKA

- Dit het toegeneem van 21,2% tot 24,2%
- Positief gerat as OOTKA hoër is as rentekoers (10,5%)

SKULD-EKWITEITVERHOUDING

- Dit het toegeneem van 0,09 : 1 tot 0,33 : 1 sien 5.5.3
- Lae finansiële risiko/maak nie baie van lenings gebruik nie. Maak meer staat op eie fondse

8

5.6.3 Die direkteure was tevrede met die prys waarteen die maatskappy die 40 000 aandele teruggekoop het. Gee 'n geskikte rede waarom die direkteure so gevoel het. Haal relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou antwoord te ondersteun.

Rede✓✓Relevante syfer✓

Betaal R4,30 per aandeel om aandele terug te koop. Dit is laer as die markwaarde per aandeel (2015 – 480 sent; 2016 – 505 sent).

(nie 'n groot verskil tot die NBW– 362 sent en 408 sent)

Gemiddelde uitreikprys was R3,70.

Aangekoop teen 'n laer prys as die uitreikprys van die addisionele aandele.
(R4,50)

3

TOTALE PUNTE
65

VRAAG 6**6.1 KOBUS HARDEWARE****6.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae aangedui deur (a) tot (e) in die Kontantbegroting vir Maart en April 2016.**

	Berekening	Bedrag
(a)	$28\,000 \checkmark \div 7\% \checkmark \times 60 \checkmark$ Een deel korrek	240 000 ☒
(b)	$R28\,250 \checkmark \times 90/10 \checkmark$ Een deel korrek	R254 250 ☒
(c)	$6000 \checkmark \checkmark$ $(3\,000 \times 2) \times 105,5\% \checkmark$ Een deel korrek	6 330 ☒
(d)	$180\,000 \div 24$	R7 500 ☒
(e)	$180\,000 \checkmark \times 10,5\% \checkmark \times \frac{1}{12} \checkmark$ Een deel korrek	R1 575 ☒

17

6.1.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule.

	KREDIET- VERKOPE	MAART	APRIL
FEBRUARIE	152 000 ☒	76 000	
MAAART	160 000 ☒ 6.1 $\div 60 \times 40$	68 400	80 000 ☒ 50% van Maart- kredietverkope
APRIL	158 400	158 400 $\times 45\% \times 95\%$	67 716 ☒
		144 400	147 716 ☒ bewerking

8

6.1.3 Bereken die persentasie toename in diverse uitgawes.

$$\frac{2\,190 \checkmark \checkmark}{\frac{(89\,790 - 87\,600)}{87\,600 \checkmark}} = 2,5\% \checkmark \text{ Een deel korrek}$$

4

6.1.4 Die Kontantbegroting vir Maart en April 2016 dui daarop dat hierdie besigheid ernstige finansiële probleme in die gesig sal staar. Identifiseer TWEE items om hierdie stelling te staaf. Haal relevante syfers aan.

Item ✓ ✓ Syfers ✓ ✓

- Die bankoortrekking in Maart is R75 300 en in April is R44 900. (Dit oorskry die oortrekkingslimiet van R40 000 soos goedgekeur deur die bank.)
- Die onderneming gaan 'n lening van R180 000 in April 2016 bekom.

4

6.1.5 Verwys na Inligting K. Verduidelik waarom elk van die items 'n probleem vir die besigheid is. Noem TWEE punte in ELKE geval.

Item	Verduideliking
Invordering van debiteure	Enige twee geldige redes ✓ ✓ Alternatiewe, geldige antwoorde aanvaarbaar • Invorderings is aansienlik laer as die verwagte. • Dit sal 'n kontantvloeiprobleem veroorsaak. • Interne kontrole van debiteure is swak.
Betalings aan krediteure	Enige twee geldige redes ✓ ✓ Alternatiewe, geldige antwoorde aanvaarbaar • Dit is aansienlik laer as die verwagte. • Verskaffers sal ophou om aan die besigheid te verkoop. • Rente kan deur die krediteure gehef word. • Swak kredietgradering vir die besigheid
Versekering	Enige twee geldige redes ✓ ✓ Alternatiewe, geldige antwoorde aanvaarbaar • Die polis sal verval (risiko daarvan om onverseker te wees) • Dit sal moeilik wees om bates te vervang. • Daar kan 'n verhoging in die premies wees..
Onttrekkings	Enige twee geldige redes ✓ ✓ Alternatiewe, geldige antwoorde aanvaarbaar • Dit maak dit moeilik om belangriker ondernemingsuitgawes te betaal. • Dit veroorsaak 'n verdere kontantvloeiprobleem. • Dit is nie eties dat die eienaar meer geld trek terwyl die onderneming swaarkry nie (Verhoogde lenings, oortrokke bankrekening)

(4 x 2)

8

6.2 BESTUUR VAN VASTE BATES

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke voertuig/drywer. Haal syfers aan om jou antwoorde te staaf. Gee Kobus EEN voorstel (raad) vir ELKE probleem geïdentifiseer.

	Probleem met syfers Probleem ✓ ✓ ✓ Syfers ✓ ✓ ✓	Raad ✓ ✓ ✓
Voertuig 1 (Leroy)	Leroy was afwesig vir 8 dae./ Hy is die hoogs betaalde drywer, R8 000, waar die ander drywers R5 000 verdien.	Ondersoek die rede vir sy afwesigheid./Betaal slegs vir die getal dae by die werk.
Voertuig 2 (Fred)	Fred ry te veel kilometer (4 600 km vir 80 ritte = 58 km per rit) wat meer is as die maksimum van 40 km per klant./Hy ry meer km as Bheki (4 200 in vergelyking met 2 800 km) maar doen minder ritte (70 in vergelyking met 110).	Moontlike dissiplinêre optrede teen Fred vir ongemagtigde gebruik van voertuig./Verbeter interne beheer oor die gebruik van voertuie.
Voertuig 3 (Bheki)	Bheki maak die meeste ritte (120) maar sy voertuig is die oudste en die duurste om te gebruik (R0,81 per km).	Oorweeg dit om die voertuig te vervang aangesien dit te duur is om te onderhou.

9

TOTALE PUNTE
50

TOTAAL: 300